

1 Augustus

Skrifgedeelte: Jakobus 1:1–18
Fokusgedeelte: Jakobus 1:2–8

Verbly jou in swaarkry!

Beproewings gooi ons lewens omver. Dit bring gewoonlik tekorte, angs, trane en misnoeë mee. Dit is glad nie lekker as ons skielik siek word, iemand van die familie sterf, ons slagoffers van misdaad word, my pa sy werk verloor of as ek 'n groot teleurstelling ervaar nie.

Sulke omstandighede maak ons maklik moedeloos. Volgens ons Skrifgedeelte moet ons eerder baie bly wees as al sulke onaangename dinge ons oorkom. Hoe is dit moontlik?

As ons in ons omstandighede vaskyk, kan ons seker nie bly wees nie. Maar in die geloof kyk ons veel dieper. Ons rede vir blydschap is Jesus Christus wat uit die dood opgestaan het. Dit laat ons van vreugde straal omdat ons God nou agter hierdie gebeure raaksien!

Ons kan in die geloof raaksien dat God ons beproef sodat ons sterker word in ons geloof (verse 2–4). Hy is besig om ons te toets. Ons moet hierdie toetse slaag sodat ons kan leer om te volhard. Dan sal ons rypheid in die geloof bereik.

Die tweede saak wat ons moet raaksien is dat die Here aan ons alles sal gee wat ons nodig mag hê om deur die beproewings te kom (5–8). Ons sal nie die beproewings vryspring nie, maar die Here sal ons daardeur help as ons in die geloof van Hom vra wat ons nodig het. Hier praat Jakobus spesifiek van wysheid.

Wees te midde van beproewings steeds entoesiasties omdat jy vas glo dat die Here aan jou sal voorsien wat jy nodig het om daardeur te kom. Verwelkom hierdie onaangename swaarkry omdat jy weet dat dit net tot jou voordeel strek. Gaan leef dan vorentoe vanuit die opstanding van Jesus Christus. Verbly jou altyd in beproewings!

Sing: Psalm 118:9

Ds HG Schutte (Krugersdorp-Oos)